NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

# GESKIEDENIS: VRAESTEL II

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2023

## AFDELING A

## VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

1.1 1.1.1 *Hoe word België in die spotprent uitgebeeld? Verwys na EEN visuele leidraad in jou antwoord.*

**[VLAK 2]**

- **As 'n verpleegster OF**
- **As 'n kinderoppasser OF**
- **As 'n versorger**
- Uniform tipies van verpleegsters in sommige hospitale
- Sy is die volwassene wat aandag skenk aan die kind se uitbarsting, moet dus die versorger wees

**[2 punte vir 'n beskrywing hoe België voorgestel word + 2 punte vir visuele leidraad]**

1.1.2 *Stel 'n rede vir hierdie uitbeelding voor.*

**[VLAK 4]**

- België was die koloniale "meester", "in beheer" van die Kongo, het die Kongo "versorg" soos 'n oppasser vir 'n kind sou doen.
- Dit was 'n Britse koerant en Europese koloniale moondhede het Afrika-kolonies as kinders uitgebeeld.
- Afrika-onafhanklikheidsbeweging word as "iesegrimmig" beskou.

**[EEN geldige rede]**

1.2 *Verwys na DRIE visuele leidrade wat aandui dat die spotprenttekenaar reken dat daar ooreenkomste tussen die twee gebeure is.*

**[VLAK 2]**

- Die spotprenttekenaar het sowel Lumumba as Katanga geteken met 'n bord wat onafhanklikheid eis.
- Albei is in stootwaentjies.
- Albei word uitgebeeld as kinders wat tekere gaan en 'n bohaai opskop.

**[DRIE geldige verwysings na visuele leidrade]**

1.3 *Watter punt maak die spotprenttekenaar oor Lumumba?*

**[VLAK 4]**

- Sy situasie is omgekeer – hy het eens onafhanklikheid geëis, nou word onafhanklikheid deur Katanga van hom geëis.
- Lumumba het minder mag gehad of was self nog 'n kind: Lumumba is kleiner geteken.

IEB Copyright © 2023 

1.4 *Gebruik jou eie kennis en verduidelik kortliks wat daartoe gelei het dat Katanga van die Kongo weggebreek het. Gee TWEE omvattende punte.*

**[VLAK 1]**

- Tshombe het altyd ten nouste saamgewerk met die Belgiese finansiële belange wat Katanga se afstigting entoesiasties ondersteun het.
- Die afskeiding is deur sommige beskou as 'n stap om 'n onafhanklike Kongo te vernietig, bygestaan deur Belgiese troepe wat die belange van Belgiese kapitaliste gedien het.

**[Enige TWEE geldige punte]**

1.5 *Verduidelik kortliks EEN beperking van HIERDIE spotprent as historiese bewys.*

**[VLAK 1]**

- Spotprente kan gebeure oordryf of oorvereenvoudig.
- Kan bevooroordeeld wees.
- Bied nie objektiewe ontleding van 'n gebeurtenis nie.
- Verteenwoordig moontlik nie al die sienings van die leserspubliek van die publikasie waarin dit verskyn nie.
- Is slegs een momentopname van 'n gebeurtenis.
- Kan as propaganda gebruik word om die openbare mening oor 'n gebeurtenis te vorm.

**[EEN geldige beperking]**

IEB Copyright © 2023 

## VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

2.1 *Hoekom het swart jeugdiges, volgens die bron, die stormloop begin nadat Chris Hani vermoor is? Verskaf DRIE redes. (Paragraaf 2 en 3)*

**[VLAK 2]**

- Hani het die trotse beeld van geregverdigde opstand verteenwoordig.
- Hani se gewelddadige dood aan die hand van 'n wit ekstremis het hul groeiende frustrasie met die stadige pas van politieke verandering aangewakker.
- Hani het die respek, bewondering en liefde van die grootliks vervreemde jeug verdien.

**[2 punte elk vir DRIE geldige redes]**

2.2 *Hoe besorg was Suid-Afrikaners oor die impak van Hani se dood en die daaropvolgende protes? Gee TWEE bewyse om jou antwoord te staaf. (Paragraaf 2 en 3)*

**[VLAK 6]**

- **Uiters bekommerd**
- Dit word gesien in die vrae wat Suid-Afrikaners gevra het, soos: "Het die ANC en sy bondgenote in die anti-apartheidsbeweging beheer verloor oor die woedende en verbitterde jeug? En indien wel, is daar enige hoop op vrede …?" (Par. 2)
- Teks sê ook dat hierdie vrae "dwingende kwessies" is, d.w.s. baie dringend en intens. (Par. 3)

**[2 punte vir die standpunt + 4 punte vir TWEE toepaslike bewyse]**

2.3 *Haal TWEE frases uit Paragraaf 4 aan wat aandui dat Tokyo Sexwale ander Suid-Afrikaners se gevoel gedeel het dat 'n vreedsame, onderhandelde skikking in gevaar was.*

**[VLAK 4]**

- "... daar [is] nie meer tyd ... nie en dat ons nie kan voortgaan om die woede in bedwang te hou nie..."
- "... Ons moet binnekort tussentydse heerskappy en gesamentlike beheer oor die veiligheidsmagte hê ..."
- "... Ons moet nou iets aan ons mense lewer ..."

**[ENIGE TWEE geldige sinne]**

IEB Copyright © 2023 

2.4 *Gebruik jou eie kennis van die tydperk 1990 tot 1994 in Suid-Afrika en verduidelik of die vrese oor die negatiewe impak wat Hani se dood op Suid-Afrika se oorgang na demokrasie kon gehad het, waar geword het.*

**[VLAK 1]**

- Ten spyte van die algemene woede het Mandela en ander die woede in bedwang gehou en gekanaliseer sodat die proses nie sou ontspoor nie.
- Hulle het voortgegaan om 'n tussentydse regering daar te stel en verkiesings is die volgende jaar gehou, wat Suid-Afrika se eerste demokraties verkose regering tot gevolg gehad het.
- Alle pogings om die verkiesing van 27 April 1994 te ontwrig, het misluk.
- Ingevolge 'n Sonsondergang-kousule sou enige party wat minstens 5% van die stemme kry, vir die eerste 5 jaar in die parlement verteenwoordig word.
- ANC, NP en IVP het gekwalifiseer om in 'n koalisie te wees.
- ANC, NP en IVP het almal lede van hul partye in die kabinet gehad.

**[ENIGE TWEE toepaslike verduidelikings]**

IEB Copyright © 2023 

## VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

3.1 *Gebruik jou eie kennis en verduidelik die konsep van "herstellende geregtigheid".*

**[VLAK 2]**

- Herstellende geregtigheid is 'n benadering tot geregtigheid waar een van die reaksies op 'n misdaad is om 'n ontmoeting tussen die slagoffer en die oortreder te reël, soms met verteenwoordigers uit die breër gemeenskap.
- Dit is 'n benadering tot geregtigheid waar die klem op heling, vergifnis en versoening val.

**[Enige aanvaarbare/geldige antwoord]**

3.2 *Waarom het die Waarheid- en Versoeningskommissie hierdie metode gebruik om misdade teen die mensdom in Suid-Afrika te hanteer?*

**[VLAK 2]**

- Op hierdie manier sou die waarheid ontbloot word en versoening bevorder word.
- Op hierdie manier sal daar waarskynlik 'n vreedsamer oorgang na demokrasie in vergelyking met enige vorm van "vergeldende geregtigheid" wees.

**[ENIGE aanvaarbare/geldige antwoord]**

3.3 *Baie Suid-Afrikaners het die WVK-proses gekritiseer. Gebruik jou eie woorde en verskaf TWEE punte van die proses waarteen hierdie kritici gekant was. (Paragraaf 2)*

**[VLAK 2]**

- Om misdade van sowel die apartheidsregering as die bevrydingsmagte te ontbloot, sal rassespanning in die land vererger.
- Party verwerp die idee dat "waarheid" ooit tot versoening lei, deurdat die onthulling van grusame besonderhede van die verlede mense net meer verbitter en minder gewillig maak om saam te werk.

**[TWEE geldige punte om te toon hoe kritici geargumenteer het]**

3.4 *Evalueer Tutu se rol in die bevordering van versoening in Suid-Afrika deur die bron te gebruik. Skryf VIER punte.*

**[VLAK 6]**

- Sy rol was betekenisvol/aansienlik.
- Hy het die poging tot versoening gelei.
- Hy het die energie en die wil gehad om hierdie proses in die vroeë jare van demokrasie te onderneem.
- Hy was dapper en sterk genoeg om die proses te lei.
- Hy was sterk daarvan oortuig dat dit sou werk.
- Hy het saam met Mandela gewerk om mense se aanvaarding van die proses te verkry.
- Hy was 'n baken van hoop vir versoening in Suid-Afrika.

**[ENIGE VIER toepaslike punte om sy rol akkuraat te evalueer]**

IEB Copyright © 2023 

3.5 *Hoe nuttig is hierdie bron vir 'n historikus wat Tutu se rol in die versoenings-proses in Suid-Afrika navors? Skryf EEN punt om jou antwoord te ondersteun.*

**[VLAK 6]**
**Baie nuttig / ietwat nuttig**

- Dit dui aan dat hy die proses van versoening in SA gelei het.
- en dat dit, ten spyte van gebreke, 'n instrument was wat gebruik kon word om die genesingsproses te begin.
- Hy het geglo dat die waarheid tot vergifnis sou lei.
- en het saam met Mandela gewerk om Suid-Afrikaners te oortuig dat die proses nodig is.
- Die bron verskaf inligting oor hoe hy bygedra het tot die hele proses en is dus baie nuttig.
- Miskien minder bruikbaar – aangesien daar min besonderhede is oor hoe hy te werk gegaan het om die proses in werking te stel en sy daaglikse rol daarin – dit is slegs 'n oorsig, baie algemeen, geen besonderhede nie.

**[2 punte vir 'n standpunt + 2 punte vir 'n goeie verduideliking wat met die standpunt ooreenstem]**

IEB Copyright © 2023 

## AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

**Bestudeer die bronne in die Bronmateriaalboekie en beantwoord die vrae wat volg:**

**Verwys na Bron A**

4. *Lys VIER suksesse van die vrouebeweging in die 1970's, volgens die bron.*

**[VLAK 2]**

- "... ongetwyfeld die grootste vroueregte-saamtrek sedert die stemreg-betogings ..."
- "… Die vrouebeweging was uiters suksesvol in die bevordering van geslagsgelykheid in werkplekke en universiteite …"
- "… Die gedeelte van Titel IX in 1972 het geslagsdiskriminasie verbied in enige opvoedkundige program wat federale finansiële bystand ontvang het …"
- "… Die wysiging het 'n drastiese impak op die gelykmaking van die speelveld in vroue-atletiek gehad …"
- "… Feministe het ook die arbeidsmag 'n meer toeganklike ruimte vir vroue gemaak met beleide wat seksuele teistering verbied ..."
- "… Vroue se deelname by kolleges, nagraadse skole en die beroepe het die afgelope aantal dekades geleidelik toegeneem …"
- "… Wat toegang tot aborsie betref, het aktiviste ook groot vordering gemaak …"
- "… In 1973 het … die Amerikaanse Hooggeregshof aborsie in al vyftig state gewettig …"

**[ENIGE DRIE toepaslike stellings of aanhalings]**

5. *Verskaf DRIE aanhalings wat toon dat die vrouebeweging nie heeltemal suksesvol was nie.*

**[VLAK 2]**

- "… aangesien die besluit slegs 'n vrou se reg beskerm het om tydens haar eerste trimester 'n swangerskap te beëindig, wat staatsingryping in die tweede en derde trimesters moontlik gemaak het …"
- "… *Roe v. Wade* [het] nie die koste van 'n aborsie aangespreek nie, wat so hoog was dat dit buite bereik van baie vroue was …"
- "… Miskien is die minste vordering op die gebied van kindersorg gemaak …"
- "… In 1971 het die Kongres die Wet op Omvattende Kinderontwikkeling goedgekeur, wat plaaslike dagsorgsentrums vir kinders op die been sou bring … maar Nixon het die wetsontwerp geveto …"

**[ENIGE DRIE toepaslike aanhalings]**

**Verwys na Bron B**

6. 6.1 *Beskryf die gemoedstemming in hierdie foto.*

**[VLAK 2]**

- Gelukkig
- Vreugdevol
- Positief

**[ENIGE toepaslike beskrywing]**

IEB Copyright © 2023 

6.2 *Verskaf EEN visuele leidraad wat jou antwoord op Vraag 6.1 staaf.*

**[VLAK 2]**

- Die president en amper elke vrou in die vertrek glimlag hartlik.

**[ENIGE toepaslike visuele leidraad]**

6.3 *Is die gemoedstemming in die foto geregverdig? Gebruik jou eie kennis en verskaf EEN bewys om jou antwoord te staaf.*

**[VLAK 6]**

- **Ja**
- Die Wet op Gelyke Besoldiging was inderdaad 'n oorwinning vir die vrouebeweging.
- Daar was rede om fees te vier en bly te wees daaroor; die stemming in die kamer weerspieël dit.

**[ENIGE toepaslike motivering]**

**Verwys na Bron C**

7. *Watter bewyse is daar in die bron wat aandui dat die Vroueregtebeweging beperkte sukses gehad het? Verskaf DRIE omvattende punte.*

**[VLAK 4]**

- Friedan verwaarloos blatant die ervarings van Afro-Amerikaanse vroue van alle klasse, en werkersklasvroue oor alle rassegroepe heen.
- 'n Resolusie om die Gender-bepaling van Titel VII van die Wet op Burgerregte van 1964 af te dwing wat diskriminasie op grond van gender in werkverskaffing verbied, is deur die Federale Regering geveto.
- Anti-feministe het die tweede-golf feministiese mening verwerp dat vroue "nie die mag verstaan" wat mans oor hulle hou nie ...
- Sterk teenkanting teen vroue wat die wetgewende gelykheid bereik wat in die ERA uiteengesit is, het dwarsdeur die 1970's hoogs sigbaar geword.
- Teen 1975 het 14 state die ERA bekragtig, terwyl 16 dit verwerp het,
- het onthul dat die pogings van die WRM nie daarin geslaag het om 'n aansienlike deel van die Amerikaanse burgers te oortuig om gelykheid te onderskryf nie.
- Op 11 Oktober 1963 het die [PCSW] 'n verslag gepubliseer wat aanbeveel het dat jong meisies van 'n vroeë ouderdom af "onderrig in huisbestuur" moet ontvang, … wat dus aantoon dat patriargale verwagtinge van vroue aan die begin van die 1960's prominent gebly het.
- In 1969 het 'n verslag getiteld *A Matter of Simple Justice* verskyn, wat verklaar het dat "diskriminasie" teenoor vroue gevaarlik "wydverspreid en deurdringend" was. Ten spyte hiervan het Nixon 'n doelbewuste poging aangewend om die verslag te onderdruk, ... 'n uiters sterk aanduiding dat houdings t.o.v. vroue nie werklik verander het nie.

**[ENIGE DRIE toepaslike punte]**

IEB Copyright © 2023 

8. *Hoe suksesvol was die vroueregtebeweging, volgens die bron, ten spyte van enige mislukkings? Verskaf TWEE bewyse van die bron om jou antwoord te staaf.*

**[VLAK 6]**
- **In 'n mate suksesvol**
- Het 'n groot uitwerking gehad op hoe vroue hulself beskou en waardeer
- Baie vroue het geïdentifiseer met die idees in Betty Friedan se boek,
- MAAR sy het die ervarings van Afro-Amerikaners en werkersklasvroue geïgnoreer
- Alhoewel sy 'n groot aanhang gehad het – 8 000 lede in 1973,
- wat 'n houdingsverandering van 'n deel van die samelewing (mans) aangedui het om vroue se kommer te verstaan,
- die Vrouebeweging se impak kan nie oorskat word nie.
- Aangesien die ERA nie deur die vereiste aantal state bekragtig is nie
- en die president van die VSA, Nixon, het 'n verslag onderdruk wat erken het dat daar teen vroue gediskrimineer word.

**[2 punte vir 'n standpunt + 4 punte vir TWEE geldige bewysstukke]**

9. *Gebruik jou eie kennis en noem DRIE metodes wat die Vroueregtebeweging gebruik het om hul saak te bevorder.*

**[VLAK 1]**
Optogte
Saamtrekke
Bewusmakingsgroepe
Protes aanteken
Gooi sogenaamde feministiese artikels in asblikke
Stemwerwery
Gebruik van die regstelsel
Val manskroeë binne
Sitstaking
Wake
**[ENIGE DRIE toepaslike metodes]**

**Verwys na Bron D**

10. *Hoe omvangryk was Phyllis Schlafly se steun, volgens hierdie bron? Verwys na TWEE leidrade uit die bron om jou antwoord te staaf.*

**[VLAK 6]**
- **Baie omvangryk/redelik omvangryk**
- Foto toon stadion vol mense/baie mense duidelik.
- Opskrif sê dat die arena vol was.

**[2 punte vir 'n standpunt oor uitgebreid + 4 punte vir TWEE leidrade]**

IEB Copyright © 2023 

**Verwys na Bron E**

11. **Antwoord WAAR of ONWAAR, deur Bron E en jou eie kennis te gebruik. Geen verduideliking word vereis nie:**

**[VLAK 2]**

11.1 *Die Vrouebevrydingsbeweging het 'n skaap op die verhoog laat paradeer om teen skoonheidskompetisies te betoog.*

WAAR

11.2 *Die "radikale" beweging wat in die bron genoem word, verwys na die Vrouebevrydingsbeweging.*

WAAR

11.3 *Gloria Steinem en Betty Friedan was deel van die radikaler groep wat vir vroueregte geveg het.*

ONWAAR

11.4 *Volgens die bron het die vroue wat "wetgewing en sosiale druk" gebruik het om vir vroueregte te veg, baie min bereik.*

ONWAAR

11.5 *Gloria Steinem en Betty Friedan het die boek The Feminine Mystique saam geskryf.*

ONWAAR

**Verwys na Bron F**

12. **Gebruik Bron F om die volgende vrae te beantwoord. Skryf SLEGS die antwoord neer.**

12.1 *Is dit 'n primêre of 'n sekondêre bron?*

**[VLAK 2]**
Primêre

12.2 *Die voorblad toon verskeie beelde van die stereotipiese rolle van vroue, soos deur mans in die 1950's beskou, waarteen die vroue-beweging geveg het.*

*Identifiseer TWEE visuele leidrade (afbeeldings) en verduidelik na watter rol elkeen verwys.*

**[VLAK 4]**

- Telefoon – vroue word beskou as goed vir werk soos sekretaresses
- of tiksters – tikmasjien.
- Spieël – ydelheid, stel net in skoonheid belang, vroue moet "mooi en goed vir hul mans" lyk.
- Strykyster, braaipan en verestoffer – vroue in die huis, tuisteskepper.
- Baba in die baarmoeder – geboorte gee (geboorteskenker).

**[TWEE afbeeldings + TWEE rolle = 8 punte: een afbeelding korrek geïdentifiseer = 2 punte + korrekte ooreenstemmende rol = 2 punte]**

IEB Copyright © 2023 

12.3 *Hoekom was die publikasie van hierdie tydskrif uniek?*

**[VLAK 2]**
- Dit was die eerste tydskrif vir vroue wat deur vroue geskep en besit is.

**Verwys na Bron G**

13. 13.1 *Op watter manier word Bron D deur Bron G ondersteun?*

**[VLAK 4]**
Bron G ondersteun die idee in die foto dat Phyllis Schlafly in die openbaar 'n veldtog teen die ERA gevoer het en dat sy groot steun gehad het.

**[ENIGE toepaslike punt wat die ooreenkoms in inhoud tussen die bronne aanspreek]**

13.2 *Ondersteun jou antwoord op Vraag 13.1 met bewyse uit ALBEI bronne.*

**[VLAK 4]**
**Bron G:**
- "… Toe betree Phyllis Schlafly die debat. … Schlafly se argument was dat vroueregte alreeds deur die Grondwet beskerm word en dat die ERA die gesin ... sou ondermyn …"
- "... Schlafly het ook die ERA daarvan beskuldig dat dit die beskerming ondermyn wat vroue reeds besit …"
- "… Schlafly het die voortou geneem om feministe in debatte uit te daag en in die nasionale media te verskyn, terwyl haar voetsoolvlak-ondersteuners op staatsvlak werwing gedoen het …"

**Bron D:**
- Wys Phyllis Schlafly wat 'n groot skare toespreek oor hoekom die ERA beëindig moes word en oor verskeie kwessies soos aborsie en lesbiërregte.

**[2 punte elk vir 'n bewys uit ALBEI bronne wat met die antwoord in Vraag 13.1 ooreenstem]**

IEB Copyright © 2023 

14. **Vind 'n historiese konsep in Bron G wat die beste by elkeen van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking is nodig nie.)**

**[VLAK 2]**

14.1 *Die basiese beginsels en wette van 'n nasie wat die magte en pligte van die regering bepaal en sekere regte aan die mense daarin waarborg.*

Grondwet

14.2 *Verpligte werwing vir militêre diens.*

Oproep

14.3 *Diegene wat die sosiale, ekonomiese en politieke gelykheid van vroue bevorder.*

Feministe

14.4 *Die gewone mense in 'n samelewing of organisasie.*

Grondvlak

**Verwys na Bron H**

15. *Gebruik die bron en lys VIER-prestasies van die Vroueregtebeweging wat 'n aansienlik positiewe impak op vroue se lewens in die Verenigde State gehad het*.

**[VLAK 2]**

- Die verbod op geslagsdiskriminasie in onderwys, universiteitsport.
- Verkryging van finansiële krediet.
- Die verbod op werksdiskriminasie teen swanger vroue.
- Die wettiging van aborsie en geboortebeperking.
- Die vestiging van "onversoenbare verskille" as gronde vir egskeiding en gelykstelling van eiendomsverdeling tydens egskeiding.

**[ENIGE VIER prestasies wat 'n positiewe impak toon]**

IEB Copyright © 2023 

## AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTELVRAAG

### VRAAG 16

**Gebruik Bronne A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:**

In watter mate kan die Vrouebeweging in die Verenigde State gedurende die 1960's en 1970's as suksesvol beskou word?

**[VLAK 2, 3, 4, 5, 6]**

**Die opstel word holisties nagesien deur gebruik te maak van die IEB se brongebaseerde opstelrubriek met die memorandums as riglyn.**

- Kandidate kan argumenteer dat dit akkuraat is om te sê dat die Vrouebeweging **IN 'N MEERDERE MATE** 'n sukses was. Daar was sosiale suksesse soos die reg om die pil te gebruik, groter deelname van vroue in die arbeidsmag, die *Women's Strike for Equality March* in 1970 en die bydraes van Betty Friedan en Gloria Steinem het die bewussyn van die samelewing oor die lot van vroue verhoog, en het vroue se feministiese doelwitte opsigtelik gemaak. Daar was ook wetgewende suksesse soos in die onderwys via Titel IX in 1972 en *Roe v. Wade* wat in 1973 aborsie gewettig het, sowel as die bekragtiging van die Wet op Gelyke Besoldiging in 1963.
- Die Vrouebeweging was, **IN 'N MINDERE MATE** suksesvol deurdat state kon ingryp in aborsiegevalle tydens die tweede en derde trimester van 'n swangerskap, president Nixon het die Wet op Omvattende Kinderontwikkeling geveto en die verslag genaamd *A Matter of Simple Justice* onderdruk, wat aangetoon het hoe erg daar teen vroue gediskrimineer is. Verder het Friedan nie by alle rasse en sosio-ekonomiese klasse aanklank gevind nie. Daarbenewens het Phyllis Schlafly 'n suksesvolle veldtog gevoer om die ERA te ondermyn en te verseker dat dit nie deur genoeg state bekragtig sal word om die Amerikaanse grondwet te wysig nie.

**OF**

- Kandidate kan argumenteer dat dit akkuraat is om te sê dat die Vrouebeweging **IN 'N MINDERE MATE** suksesvol was deurdat state in die tweede en derde trimester van 'n swangerskap kon ingryp in aborsiegevalle, president Nixon het die Wet op Omvattende Kinderontwikkeling geveto en die verslag *A Matter of Simple Justice*, wat aangetoon het hoe erg daar teen vroue gediskrimineer is, onderdruk. Verder het Friedan nie by alle rasse en sosio-ekonomiese klasse aanklank gevind nie. Daarbenewens het Phyllis Schlafly 'n suksesvolle veldtog gevoer om die ERA te ondermyn en om te verseker dat dit nie deur genoeg state bekragtig sal word om die Amerikaanse grondwet te wysig nie.
- Die Vrouebeweging was **IN 'N MEERDERE MATE** suksesvol omdat daar sosiale suksesse was soos die reg om die pil te gebruik, groter deelname van vroue in die arbeidsmag, die *Women's Strike for Equality March* in 1970 en die bydraes van Betty Friedan en Gloria Steinem om die bewussyn van die samelewing oor die verbintenis van vroue te verhoog, wat vroue se feministiese doelwitte opsigtelik gemaak het. Daar was ook wetgewende suksesse soos in die onderwys, naamlik Titel IX in 1972 en *Roe v. Wade* wat in 1973 aborsie gewettig het, sowel as die bekragtiging van die Wet op Gelyke Besoldiging in 1963.

IEB Copyright © 2023 

| VROUEBEWEGING SUKSESVOL | VROUEBEWEGING NIE SUKSESVOL NIE |
|---|---|
| **Meerdere/Mindere mate** | **Meerdere/Mindere mate** |
| **A –**<br>**Suksesvolle staking:**<br>"... Op 26 Augustus 1970 het … 50 000 feministe ingehaak in New York-stad se Fifth Avenue geparadeer en die groot deurpad gedurende spitstyd versper … die *Women's Strike for Equality March* was die idee van Betty Friedan ..."<br>"… Die aantal deelnemers het Friedan se stoutste verwagtinge oortref ..."<br>"… TIME beskryf die geleentheid as 'ongetwyfeld die grootste vroueregte-saamtrek sedert die stemregbetogings' … Die solidariteit was uiters opwindend ..."<br>**Ander suksesse:**<br>"… Die vrouebeweging was uiters suksesvol in die bevordering van geslagsgelykheid in werkplekke en universiteite …"<br>"… Die gedeelte van Titel IX in 1972 het geslags-diskriminasie verbied in enige opvoedkundige program wat federale finansiële bystand ontvang het …"<br>"… Die wysiging het 'n drastiese impak op die gelykmaking van die speelveld in vroue-atletiek gehad …"<br>"… Feministe het ook die arbeidsmag 'n meer toeganklike ruimte vir vroue gemaak met beleide wat seksuele teistering verbied …"<br>"… Vroue se deelname by kolleges, nagraadse skole en die beroepe het die afgelope aantal dekades geleidelik toegeneem …"<br>"… Wat toegang tot aborsie betref, het aktiviste ook groot vordering gemaak …"<br>"… In 1973 het … die Amerikaanse Hooggeregshof aborsie in al vyftig state gewettig …" | **A –**<br>"… Dit was 'n groot feministiese oorwinning, maar dit was ook **beperk**, aangesien die besluit slegs 'n vrou se reg beskerm het om tydens haar eerste trimester 'n swangerskap te beëindig, wat **staats-ingryping** in die tweede en derde trimesters **moontlik gemaak het** …"<br>"… Verder het *Roe v. Wade* **nie die koste van 'n aborsie aangespreek nie**, wat so hoog was dat dit buite bereik van baie vroue was …"<br>"… Miskien is **die minste vordering** op die gebied van kindersorg gemaak, … In 1971 het die Kongres die Wet op Omvattende Kinderontwikkeling goedgekeur, wat plaaslike dagsorgsentrums vir kinders op die been sou bring … **maar Nixon het die wetsontwerp geveto** ..." |
| **B –**<br>Bewys van die sukses van die **Wet op Gelyke Besoldiging** wat diskriminasie teen vroue op grond van betaling verbied het. Kennedy en die vroue het bymekaargekom vir die ondertekening en almal glimlag – positiewe bui wat **sukses** voorstel. | |

IEB Copyright © 2023 

| | |
|---|---|
| **C –**<br>"… terwyl die WRM 'n **diepgaande impak** gehad het op die manier waarop baie vroue hulself as lede van die samelewing verstaan en gewaardeer het …"<br>"… baie oorwegend wit, middelklas, opgevoede vroue wat diep by Friedan se skryfwerk betrek is, het gevolglik hul frustrasies met die beperkings van voorstedelike huishoudelikheid verstaan ..."<br>"… NOW [het] met meer as **300 manlike en vroulike handveslede** gespog, en teen 1973 meer as 8 000 lede. Dit simboliseer **'n aptyt vir geslagsgelykheid** en derhalwe 'n **potensiële verskuiwing** van wydverspreide, voorafbestaande patriargale houdings …" | **C –**<br>"… moet die mate waarin dit houdings regoor die Verenigde State 'verander' het **nie oorbeklemtoon word nie** …"<br>"… Friedan [laat] **blatant** die ervarings van Afro-Amerikaanse vroue van alle klasse, en werkers-klasvroue oor alle rassegroepe heen **agterweë** …"<br>"… die Seksbepaling van Titel VII van die 1964 Burgerregtewet, wat diskriminasie op grond van geslag in die werkplek verbied, af te dwing, is deur die Federale Regering **geveto** …"<br>"… Anti-feministe het die tweede-golf feministiese mening verwerp dat vroue 'nie die mag verstaan' wat mans oor hulle het nie …"<br>"… **sterk teenkanting teen vroue** wat die wetgewende gelykheid bereik het wat in die ERA uiteengesit is, het gedurende die 1970's uiters sigbaar geword …"<br>"… Teen 1975 het 14 state die ERA bekragtig, terwyl **16 dit verwerp het**. Dit het duidelik geblyk dat die pogings van die WRM **nie daarin kon slaag** om 'n aansienlike deel van die Amerikaanse burgers te oortuig om gelykheid te onderskryf nie …" |
| | "**…** *American Women* [het] aanbeveel dat jong meisies van 'n vroeë ouderdom af 'onderrig in huisbestuur' moet ontvang … wat dus demonstreer dat **patriargale verwagtings** van vroue aan die begin van die 1960's **prominent gebly het** …"<br>"… In 1969, … het 'n verslag getiteld *A Matter of Simple Justice* verskyn … waarin verklaar word dat 'diskriminasie' teenoor vroue gevaarlik 'wydverspreid en deurdringend' was … Ten spyte hiervan het Nixon **'n doelbewuste poging** aangewend **om die verslag te onderdruk**, … 'n uiters sterk aanduiding dat **houdings teenoor vroue nie werklik verander het nie** ..." |
| | **D** –<br>Suksesvolle anti-ERA-saamtrek deur Phyllis Schlafly gehou wat ook feministe oor ander kwessies soos aborsie en lesbiërregte uitgedaag het. |

IEB Copyright © 2023 

| | |
|---|---|
| **E –**<br>"… Die boek [*The Feminine Mystique*] en politiek in die 1960's het tot **enkele aanvanklike oorwinnings** vir die opkomende tweede-golf vrouebeweging gelei ... "<br>"… Die pil … het vroue toegelaat om swangerskap uit te stel en in baie gevalle loopbane te vestig. Aborsie het vroue ook groter keuses gegee in die grootmaak van kinders ... "<br>"… Groot maatskaplike veranderinge, soos vroue se deelname aan die arbeidsmag, … het 'n **groot sosiale bewusmakingsbeweging afgedwing** wat die rolle van geslag in die samelewing bevraagteken het …"<br>"… Groot letterkundige werke het die waargenome tradisionele geslagsrolle **begin bevraagteken** en sosiale probleme blootgelê wat deur sulke rolle vir vroue geskep is …"<br>**Suksesvolle ontwikkelings:**<br>"…Twee bewegings het ontstaan … Terwyl een gepoog het om die samelewing van binne te verander deur wetgewing en sosiale druk te gebruik, bevraagteken die ander, 'n radikale beweging, fundamenteel of die samelewing se hiërargiese en patriargale aard die hoofprobleem was …"<br>"… **Albei bewegings het groot bydraes gelewer** … deur hul invloed op die samelewing in die algemeen …" | **E –**<br>"**…** Ander veranderings, insluitende die bekendstelling van die voorbehoedpil en aborsie ... het tot politieke uiteenlopendheid gelei …" m.a.w. **negatiewe gevolge vir die Vrouebeweging** |
| **F –**<br>Die Vrouebeweging se Gloria Steinem het meegehelp aan die stigting van die eerste vroue-tydskrif wat deur vroue besit is, naamlik Ms. Dit wou duidelik die stereotipiese siening van die 1950's wat mans oor vroue se waarde en rolle by die huis en by die werk gehad het, aanspreek. **Die publikasie van hierdie tydskrif was 'n oorwinning vir vroue.** Dit het 'n platform vir vroue gebied om hul menings te lug en die samelewing se bewussyn rakende vrouekwessies te verhoog. | |

IEB Copyright © 2023 

| | |
|---|---|
| **G –**<br>"… in 1973 het die Hooggeregshof aborsie landwyd gewettig met 'n 7–2 meerderheid in die saak bekend as *Roe v. Wade* …" | **G –**<br>"… **Schlafly het die voortou geneem om feministe in debatte uit te daag** en in die nasionale media te verskyn, terwyl haar voetsoolvlak-ondersteuners op staatsvlak werwing gedoen het …"<br>"… Vyf state was deurslaggewende slagvelde: Florida, Missouri, Illinois, Oklahoma en Noord-Carolina. In elk van hierdie state het die **STOP ERA-magte geseëvier** …"<br>"… Schlafly se argument was dat **vroueregte alreeds deur die Grondwet beskerm word en dat die ERA die gesin**, 'die basiese eenheid van die samelewing, wat ingeburger is in die wette en gebruike van ons Joods-Christelike beskawing', **sou ondermyn** …"<br>"… Die moderne Amerikaanse vrou sou die beskerming van vader en man verloor en die 'Christelike tradisie van ridderlikheid', wat die gesin ondersteun en vroue in die geval van egskeiding of skeiding beskerm ... "<br>"… Schlafly **het ook die ERA daarvan beskuldig** dat dit die beskerming ondermyn wat vroue reeds besit en dat die ERA vroue kwesbaar sou laat vir die oproep tot militêre diens … **sy het ook moederskap en die huis** in haar opstel **verdedig**. Sy … het beweer die ERA sou lei tot gesamentlike badkamers en die bevordering van homoseksuele huwelike …" |
| **H –**<br>"… Teen die laat 1970's het hulle [Vrouebeweging] tasbare **verreikende vooruitgang gemaak** …"<br>"… insluitende die verbod op geslagsdiskriminasie in onderwys, universiteitsport en die verkryging van finansiële krediet; die verbod op werksdiskriminasie teen swanger vroue; die wettiging van aborsie en geboortebeperking; en die vestiging van 'onversoenbare verskille' as gronde vir egskeiding, en die gelyke verdeling van eiendom tydens egskeiding ... "<br>"… Lede van die vrouebeweging is deur hierdie **suksesse** versterk …" | |

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2023